~ *English to follow*

26 Oktober 2019

**Verslag: Sewende Jaarlikse Philippolis Meertalige Redenaarskompetisie 4 Oktober 2019**

Die Jaarlikse Philippolis Meertalige Redenaarskompetisie is daargestel om die gebruik van moedertale (of huistale) binne onderrigverband te bevorder. Dit het in 2013 ontstaan as ŉ uitvloeisel van die MIDP (Multilingual Information Development Programme), ŉ projek wat deur die Provinsie Antwerpen, Vlaandere (België) geborg is. Die kompetisie word gesamentlik deur die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging en die afdeling Gemeenskapsbetrokkenheid van die UV aangebied en is gesetel in Philippolis, die oudste dorp in die Vrystaat. Vanjaar se kompetisie, die sewende in die reeks, het op 4 Oktober 2019 in Philippolis plaasgevind, waar die projek gesetel is.

Omliggende skole word uitgenooi om drie leerders per graad, van graad 6 tot 9 vir die kompetisie in te skryf. Die kompetisie neem elke jaar in gewildheid toe en nege skole het hierdie jaar kragte gemeet. Van Philippolis was Bergmanshoogte Intermediêre Skool, Philippolis Laerskool en Philippolis Hoërskool teenwoordig. Springfontein was ook deur drie skole verteenwoordig, naamlik Williamsville Laerskool, Springfontein Laerskool en Springfontein Hoërskool. Van Trompsburg het Madikgetla Laerskool en Trompsburg Laerskool deelgeneem. Oranjekrag Intermediêre Skool van Gariep Dam was ook daar. Altesaam 55 leerders het deelgeneem en die kompetisie was straf. Tussendeur is die gehoor vermaak deur voordragte van jonger skoliere. Naomi Matthys van die Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal aan die UV het ook die gehoor aan dié taal bekendgestel.

Omdat die kompetisie verband hou met Erfenisdag (24 September), handel die onderwerpe telkens oor tradisionele aspekte van “Erfenis”, soos byvoorbeeld my moedertaal, ek is trots op my erfenis, wat is my kultuur in Suid-Afrika, my gunsteling tradisie en watis my kultuur? Van leerders word vereis om hulle aanbiedinge in hul moedertale aan te bied. Hierdeur word die waarde van die moedertaal (of huistaal) binne onderrigverband benadruk. By vanjaar se kompetisie was daar Afrikaanse toesprake, Sotho en Xhosa. Die meertalige beoordelaarspaneel was saamgestel uit onderwysers van die deelnemende skole met die

hoofbeoordelaar van die ATKV. Die ATKV is ’n gedeeltelike borg van die kompetisie en verskaf ook die deelnemersertifikate.

Die Departement Gebaretaal en Gemeenskapsbetrokkenheid bedank graag die deelnemende skole vir hul entoesiastiese deelname.

Vir enige verdere navrae, kontak gerus vir die projekfasiliteerder, Carla Bester

Dankie vir u aandag.

Vriendelike groete

Carla Bester
051 401 2476
Besterc2@ufs.ac.za




From Left to Right:
Mrs Jani de Lange (Department of South African Sign Language and Deaf Studies, UFS), Miss Likeleli Mokoena (Department of South African Sign Language and Deaf Studies, UFS), Miss Naomi Matthys (Department of South African Sign Language and Deaf Studies, UFS), DR. Stephen Vermeulen ATKV Main Judge) , Mrs. Mabatho Ntsieng (Community Engagement Public Speaking Organiser, UFS), Mrs Anita Muller (local Philippolis organiser), Miss Carla Bester ( Main organiser from the Department of South African Sign Language and Deaf Studies, UFS), Mrs Susan Lombaard (The women who started The Multilingual Public Speaking Competition, Department of South African Sign Language and Deaf Studies, UFS)  and Mr William Magwa (The MC)

26 October 2019

**Report: Seventh Annual Philippolis Multilingual Public Speaking Competition 4 October 2019**

The Annual Philippolis Multilingual Public Speaking Competition was instituted to advance the use of home language (or mother tongue) within an educational context. It originated in 2013 as an outcome of the MIDP (Multilingual Information Development Programme), a project that was funded by the Province of Antwerp, Flanders (Belgium). The competition is jointly presented by the Unit for Language Facilitation and Empowerment, and the Division Community Service. This year's competition, the 7th in the series, took place in Philippolis, where the project is housed, on 4 October 2019.

Surrounding schools from Grade 6 to 9 are invited to enter three learners per grade for the competition. The competition continues to increase in popularity and this year, nine schools competed. Present from Philippolis were Bergmanshoogte Intermediary School, Philippolis Primary School and Philippolis Secondary School. Springfontein was also presented by three schools, namely Williamsville Primary School, Springfontein Primary School and Springfontein Secondary School. Madikgetla Primary School and Trompsburg Primary School represented Trompsburg.  Oranjekrag Intermediary School from Gariep Dam also participated. Altogether 55 learners participated and the competition was stiff. Between sessions, the audience was entertained by recitals by younger scholars. Naomi Matthys from the Department of South African Sign Language at the UFS further introduced the audience to this language.

The competition related to Heritage Day (24 September), and therefore the topics centred on traditional aspects such as for example, what is my culture, my mother tongue, who am I in South Africa and my favourite traditions. Learners are required to present their speeches in their respective home languages, thereby emphasising the value of the mother tongue (or home language) within teaching context. At this year's competition, there were Afrikaans, Sesotho and isiXhosa speeches. The multilingual adjudicating panel comprised teachers from the participating schools as well as a main adjudicator from the ATKV. The ATKV partly sponsors the competition and provides the participants' certificates.

The Department of South African Sign Language and Community Engagement wish to thank the participating schools for their enthusiastic participation.

For further enquiries, please contact the project facilitator, Carla Bester.

Thank you for your attention.

Regards

Carla Bester
051 401 2476
Besterc2@ufs.ac.za

